Rapport Beleef

Beter lángs olifant as op sy rug

Olifantrug-safari's raak ongewilder weens die wrede manier waarop van dié diere ingebreek word. Tog is daar nog olifant-vriendelike ervarings waartydens jy naby die reuse kan kom, skryf Hendrik Hancke.

Hoewel Camp Jabulani nie meer olifantritte aanbied nie, kan jy steeds naby die olifante kom.

Wanneer 'n mens dink aan 'n olifant, sien jy 'n statige, majestueuse reus wat rustig heen en weer wieg en sy ore swaai wanneer hy sy man wil staan.

Maar beeldmateriaal van dié reuse wat pateties terugstaan wanneer 'n afrigter met sy bulhaak die sagte plekkies tussen sy oë of voor sy ore uitsoek om hom te leer toertjies doen of inbreek sodat 'n mens op sy rug kan ry, het die afgelope paar jaar al hoe meer op die internet en in die media verskyn.

Die werklikheid van die mishandeling wat baie van dié olifante ervaar, het wêreldwyd opslae gemaak.

Dit is waarom Camp Jabulani, die luukse bosbestemming in die bekende Kapama- private wildereservaat naby Hoedspruit, besluit het om voortaan nie meer olifantrug-safari's aan te bied nie.

Dié lodge bied al sedert 2002 sulke safari's aan.

"Die oórspronklike trop olifante het ons in Zimbabwe gered nadat 'n uitdunoperasie in die 1980's hulle wees gelaat het," sê Adine Roode, een van die eienaars van dié unieke Afrika-bestemming.

Die olifante is reeds in Zimbabwe opgelei sodat toeriste op hulle kan ry. Camp Jabulani se daaropvolgende opleiding in Suid-Afrika is altyd eerder gegrond op positiewe versterking. Geen diere in hul besit word ooit fisiek of emosioneel afgebreek nie, lui 'n verklaring op hul webblad.

Hierdie olifante is sedertdien met groot sukses gebruik om gaste te trakteer en dié safari's was ook die winsgewendste deel van die kamp se verskillende aktiwiteite.

Steeds 'n persoonlike ervaring

Hoewel gaste nou nie meer op die olifante kan ry nie, sal hulle steeds tyd saam met hierdie reusagtige inwoners van Afrika kan deurbring, maar op 'n baie meer olifantvriendelike manier.

"Die nuwe Jabulani-olifantervaring is steeds 'n unieke avontuur vir elke besoeker," sê Adine.

Die eerste been van die nuwe ervaring is die eerste ontmoeting tussen mens en olifant.

"Dit gebeur by die lodge self en is 'n kragtige oomblik waar emosionele bande dadelik tussen mens en dier gevorm word."

Gaste kry hier die geleentheid om die olifante te voer, aan hulle te raak en ook foto's in die nabyheid van hierdie majestueuse Afrikane te neem.

"Een van die gewilde dele van die program is die besoek aan die olifante se swemgat. Hier kan 'n mens duidelik sien hoe die olifante se spelerige geaardheid na vore kom as hulle swem en speel en onder luide trompetgeskal mekaar natspuit," sê Adine.

Sonsondergang is 'n spesiale tyd van die dag by Jabulani. "Die gaste kry die geleentheid om te kyk hoe ons olifante hul laaste koue lafenis vir die dag geniet, terwyl die Afrikason stadig agter die horison inskuif."

Op ou grote se spoor

Gaste kan ook saam met ervare lede van die Camp Jabulani-span leer spoorsny agter die ou grotes aan. "Ons gidse leer die gaste onder meer hoe om hul sintuie te gebruik om die olifante in hul natuurlike habitat op te spoor."

Neem die monsters

Die laaste deel van die ervaring is 'n eerstehandse kykie na die navorsing wat Camp Jabulani die laaste jaar gedoen het in 'n poging om meer te leer oor die gevolge van menslike interaksie op die trop bosreuse in hul Groot Vyf-reservaat.

"Gaste kry die eksklusiewe geleentheid om saam met ons navorsers hul hande letterlik vuil te maak wanneer hulle vars mismonsters in die bos versamel wat dan met dié van 'n wilde trop vergelyk sal word," sê Adine.

So kan jy help

"Huidige operasionele kostes is ontsettend hoog en ons kan dit nie alleen bekostig nie, ons het die publiek se hulp nodig," sê Adine.

En teen R2 685 per dag, per volwasse olifant, kos dit Camp Jabulani sowat R1 miljoen om die trop aan die lewe te hou. "Dan praat ons nog nie eens van die ondersteunende dienste soos die veearts, die olifanthanteerders en skoonmakers nie," sê Adine.

■ Besoek campjabulani.com/foster-an-elephant vir meer inligting.